# Toegang tot AfriForum se databasis en die toepassing van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 ("POPIA ")

AfriForum-hoofkantoor waardeer die inisiatiewe, betrokkenheid en onbaatsugtige gemeenskapsdiens wat deur plaaslike AfriForum-strukture en -vrywilligers verrig word. Die vestiging en uitbreiding van dié plaaslike takke is 'n kernpilaar van AfriForum se gemeenskapsmodel, wat gemeenskappe in staat stel om self – binne die raamwerk van die wet – verantwoordelikheid en rentmeesterskap van die onderskeie gemeenskappe te neem met betrekking tot gemeenskapsveiligheid, plaaslike regeringsaangeleenthede, omgewingsaangeleenthede, die jeug ens. Ons erken dus die behoefte om met lede en belanghebbendes in 'n spesifieke geografiese gebied te skakel.

AfriForum is egter, as verantwoordelike party in terme van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 ("POPIA"), verplig om persoonlike inligting op 'n wettige, verantwoordbare en veilige wyse te bekom, verwerk en te stoor. Ná deeglike oorweging en bestudering van die relevante statutêre vereistes, is dit nie raadsaam om AfriForum se databasis, of enige gedeelte daarvan, wat persoonlike inligting bevat, aan vrywillige strukture of nie-werknemers beskikbaar te stel nie. Die redes hiervoor word hieronder uiteengesit:

## 1. AfriForum as verantwoordelike party

In terme van artikel 1 van POPIA is AfriForum die verantwoordelike party vir die inwin, verwerking en stoor van persoonlike inligting van, onder meer, sy lede en ondersteuners. Hierdie verantwoordelikheid en aanspreeklikheid kan nie gedelegeer of afgeskuif word na vrywillige strukture, individue of entiteite wat nie in 'n formele diensverhouding met AfriForum staan nie.

AfriForum bly aanspreeklik vir enige onregmatige verwerking, verlies, ongemagtigde toegang of misbruik van persoonlike inligting wat in sy sorg geplaas is, selfs waar sodanige toegang aan vrywilligers verskaf word.

## 2. Wettige verwerking

Artikel 13 van POPIA bepaal dat persoonlike inligting slegs vir 'n spesifieke, uitdruklik omskrewe en wettige doel ingesamel en verwerk mag word. AfriForum se databasis is primêr saamgestel vir nasionale lede-administrasie, nasionale kommunikasie en statutêre organisasiedoeleindes.

Die oordrag van persoonlike inligting aan plaaslike strukture vir werwing, bemarking of kommunikasiedoeleindes sonder die uitdruklike, voorafgaande toestemming van elke betrokke lid sal 'n oortreding van hierdie bepaling wees.

## 3. Toestemming van lede

POPIA vereis dat die verwerking en verdere verspreiding van persoonlike inligting gebaseer moet wees op 'n geldige regsgrondslag, insluitend uitdruklike toestemming.

Lede het nie toestemming verleen dat hul persoonlike besonderhede aan onafhanklike vrywilligers of plaaslike strukture beskikbaar gestel mag word nie. Sonder sodanige toestemming kan AfriForum nie wettiglik toegang tot die databasis verleen nie.

## 4. Sekuriteit en risiko

Artikel 19 van POPIA plaas 'n streng plig op AfriForum om toepaslike tegniese en organisatoriese maatreëls te tref om persoonlike inligting te beveilig teen verlies, skade, ongemagtigde toegang of onregmatige verwerking.

Vrywillige strukture beskik nie noodwendig oor die volgende nie:

- Gestandaardiseerde IT-sekuriteitsmaatreëls
- Voldoende POPIA-opleiding of nakomingsmeganismes
- Kontraktuele aanspreeklikheidsraamwerke soos wat vir werknemers geld

Die verlening van databasistoegang sal 'n wesenlike regs-, finansiële en reputasierisiko vir AfriForum inhou.

## 5. Geen verwerking deur "operateurs"

POPIA maak voorsiening vir die aanstelling van operateurs (artikel 1 en 20), maar dit vereis 'n formele, afdwingbare, skriftelike ooreenkoms wat streng sekuriteits- en verwerkingsverpligtinge oplê. Plaaslike vrywillige strukture funksioneer nie as onafhanklike entiteite of as POPIA-operateurs binne AfriForum se huidige regsraamwerk nie.

## 6. Alternatiewe POPIA-nakomende oplossings

Alhoewel direkte toegang tot die databasis nie moontlik is nie, bly AfriForum daartoe verbind om plaaslike strukture te ondersteun deur:

- sover moontlik gesentraliseerde kommunikasie namens plaaslike strukture te fasiliteer, waar toepaslik;
- ondersteuning te lewer met goedgekeurde bemarkingsmateriaal en openbare platforms; en
- POPIA-nakomende prosesse te volg vir die werwing van nuwe vrywilligers en lede.

Hierdie meganismes verseker dat AfriForum se wetlike verpligtinge nagekom word sonder om plaaslike betrokkenheid te belemmer.

## 7. Gevolgtrekking

AfriForum se besluit om nie sy databasis met vrywillige plaaslike strukture te deel nie, is nie 'n losstaande administratiewe of organisatoriese interne besluit nie, maar spruit direk uit 'n wetlike plig om POPIA streng na te kom en die regte van lede te beskerm.

Ons vertrou dat julle begrip sal hê vir hierdie regsposisie en sien daarna uit om saam te werk binne 'n raamwerk wat sowel gemeenskapsbou as wetlike nakoming bevorder.

